# VERKORTE NAGEGAANDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE EN KONTANTDIVIDENDVERKLARING

vir die jaar geëindig 30 Junie 2012

Spur Corporation

| | | |
|---|---|---|
| Inkomste | ↑ | 24.8% |
| Verwaterde WVPA | ↑ | 31.4% |
| Dividend per aandeel | ↑ | 31.8% |




VOORBEREI ONDER DIE TOESIG VAN DIE HOOF FINANSIËLE BEAMPTE, RONEL VAN DIJK GR(SA)

## HANDELSOORSIG

Spur Corporation se inkomste het toegeneem met 24,8% tot R503.4 miljoen in die finansiële jaar geëindig Junie 2012. 'n Aggressiewe bemarkings strategie om voetverkeer te verhoog en kontantbewuste verbruikers oor plaaslike en internasionale bedrywighede te trek was suksesvol. Inkomste het ook voordeel getrek uit die insluiting van die DoRego's handelsmerk wat op 1 Maart 2012 deur die groep aangekoop is.

Omset in Spur Steak Ranch restaurante het toegeneem met 14.2%. Lidmaatskap van die "Spur Family Card" lojaliteitsprogram het toegeneem tot meer as 1.1 miljoen lede en is verantwoordelik vir 27% van die handelsmerk se plaaslike restaurant omset. Die lojaliteitsprogram was suksesvol in die verhoging van die gemiddelde besteding per kop en om 'n groter gevoel van lojaliteit teenoor die Spur handelsmerk te skep, met kaarthouers wat gemiddeld 20% meer spandeer as nie-lede.

Panarottis Pizza Pasta se restaurant omset het toegeneem met 14,7% en het voordeel getrek uit die handelsmerk se groter fokus op waarde-aanbiedinge gedurende die week en die opknapping van bestaande restaurante. Die handelsmerk het sy fokus op aanbiedinge vir die gesin versterk, terwyl die spyskaart opnuut gefokus is op die handelsmerk se kern produkte van pizza en pasta.

John Dory's Fish Grill Sushi se restaurant omset het, onder die toesig van nuwe bestuur, met 14,2% toegeneem, deur hergefokusde bemarking strategieë en deur stiller handelperiodes te teiken.

DoRego's is 'n goeie waarde kitskosketting wat hoender, seekos en burgers deur middel van 74 konsessie-winkels aanbied. Die behoud van sleutelbestuur het 'n probleemvrye integrasie met die groep gefasiliteer en sterk uitbreiding van die handelsmerk word verwag in die komende jaar.

Die groep het sy restaurantbasis vergroot tot 456 eenhede, insluitend 74 DoRego's restaurante. Die Suid-Afrikaanse restaurantbasis is uitgebrei met die opening van 12 nuwe konsessie Spur Steak Ranches, sowel as drie Panarottis Pizza Pasta, een John Dory's Fish Grill Sushi en twee DoRego's konsessie restaurante. 'n Verdere 65 restaurante is opgeknap en agt restaurante is na beter handelsomgewings verskuif.

Omset en winsgewendheid in die groep se internasionale bedrywighede het 'n verbetering getoon. Internasionale uitbreiding het gefokus op Afrika met die opening van vyf Spur en twee Panarottis konsessie restaurante regoor die kontinent (buite Suid Afrika). Spur openinge sluit Zambië, Malawi, Botswana, Namibië en Nigerië in en Panarottis Pizza Pasta sluit openinge in Botswana en Zimbabwe in. Die groep het 'n groeiende handelsmerk teenwoordigheid in Mauritius waar twee Spur Steak Ranches en vier Panarottis Pizza Pasta konsessie-restaurante gedurende die jaar geopen is.

'n Opsomming van die groep se restaurantbasis soos op 30 Junie 2012 is soos volg:

| Konsessie-handelsmerk | Suid-Afrika | Internasionaal | Totaal |
|---|---|---|---|
| Spur Steak Ranches | 254 | 37 | 291 |
| Panarottis Pizza Pasta | 52 | 11 | 63 |
| John Dory's Fish Grill Sushi | 28 | - | 28 |
| DoRego's | 74 | - | 74 |
| **Totaal** | **408** | **48** | **456** |

## FINANSIËLE OORSIG

Konsessiefooi-inkomste in Spur het toegeneem met 13,5% tot R155.4 miljoen, Panarottis met 12,4% tot R13.0 miljoen en John Dory's met 13,4% tot R11.1 miljoen. Konsessiefooi-inkomste in DoRego's was R2.5 miljoen vir die vier maande tot Junie 2012.

Vervaardiging en distribusie inkomste het met 31,0% toegeneem tot R142.8 miljoen, wat die inkomste van DoRego's se verspreiding sentrum vir die vier maande tot Junie 2012 van R23.5 miljoen insluit. Die groep gaan voort om te fokus op verbeterde doeltreffendheid as gevolg van die konsolidasie van sy vervaardigingsaktiwiteite by een fasiliteit in Kaapstad in die vorige jaar.

Internasionale inkomste, bestaande uit konsessie-inkomste en restaurantomset van restaurante in groep besit, weerspieël die verbetering van handelsprestasie in Afrika, Mauritius en die Verenigde Koninkryk, en het toegeneem met 23,9% tot R144.0 miljoen.

Wins voor inkomstebelasting vir die finansiële jaar het toegeneem met 49,9% tot R175.1 miljoen. Vergelykbare wins voor inkomstebelasting, met die uitsondering van buitengewone en eenmalige items en DoRego's se bydrae vanaf Maart 2012, het met 21,0% toegeneem. Hierdie buitengewone en eenmalige items hou hoofsaaklik verband met waardedalings en oprigtingskostes in nuwe internasionale groep-beheerde restaurante in die vorige jaar, winskoopwins op die aankoop van DoRego's in die huidige jaar, die beweging in buitelandse valuta winste/verliese en aandeelgebaseerde betalings en verwante verskansings billike waarde-aanpassings teenoor die vorige jaar.

Die groep se wesensverdienste het met 30,4% tot R111.8 miljoen toegeneem, met verwaterde wesensverdienste per aandeel wat toegeneem het met 31,4% tot 127,95 sent. Hierdie prestasie is in lyn met die verdienste-leiding in die groep se handelsverklaring wat op 24 Augustus 2012 op SENS uitgereik is.

'n Finale kontantdividend van 47.0 sent per aandeel is verklaar, wat die totale dividend vir die jaar tot 87.0 sent per aandeel bring, 'n toename van 31.8% teenoor die vorige jaar.

## VOORUITSIGTE

Die kleinhandelsomgewing sal na verwagting uitdagend wees in die jaar wat voorlê. Die groep is vol vertroue dat dit sal mededingend bly in die "uiteet" mark deur te fokus op sy kern sterk punte van gehalte, goeie waarde en innoverende bemarking oor alle handelsmerke.

Die integrasie van die DoRego's handelsmerk gee die groep blootstelling aan 'n breër segment van die mark. Bestuur beplan om te kapitaliseer op die plaaslike handelsmerkbewustheid van DoRego's en die huidige voetspoor uit te brei.

Die groep beplan om elf nuwe Spur Steak Ranches, sowel as sewe Panarottis Pizza Pasta, agt John Dory's Fish Grill Sushi en tien DoRego's restaurante in Suid-Afrika in die 2013 finansiële jaar te open.

'n Platform vir volhoubare groei is in Afrika gebou en uitbreiding sluit die opening van tweede restaurante in Nigerië, Kenia, Tanzanië, Swaziland en Zambië in. Twee verdere restaurante word beplan vir Namibië, twee in Mauritius en een in die Seychelles.

## KONTANTDIVIDEND

Aandeelhouers word in kennis gestel dat die maatskappy se raad van direkteure op Woensdag, 5 September 2012, die besluit geneem het om 'n finale bruto kontant dividend van R45.9 miljoen vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 te verklaar, wat gelykstaande is aan 47,0 sent per aandeel, onderhewig aan die toepaslike belasting gehef in terme van die Inkomstebelastingwet (Wet No 58 van 1962 gewysig) ("dividend belasting"), vir elk van die 97 632 833 uitgereikte aandele.

Die dividend is verklaar uit inkomste-reserwes. Die maatskappy het Sekondêre Belasting op Maatskappye ("SBM")-krediete beskikbaar in die bedrag van R2 645 850 wat gelyk is aan 2,71 sent per aandeel. Gevolglik van die dividend verklaar, sal 2,71 sent per aandeel nie onderhewig aan dividendbelasting wees nie en 44,29 sent per aandeel mag onderhewig wees aan plaaslike dividendbelasting teen 'n koers van 15%. Die netto dividend, na die toepassing van die SBM-krediete, is 40,3565 sent per aandeel vir aandeelhouers wat aanspreeklik is om dividend belasting te betaal. Die maatskappy se inkomstebelasting verwysingsnommer is 9695015033.

Die kontantdividend sal betaal word op Maandag, 8 Oktober 2012 aan die aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 5 Oktober 2012 ("die rekorddatum"), in die maatskappyregister aangeteken is.

Die laaste dag waarop die maatskappy se aandele cum die dividend verhandel mag word met die doel om op die dividend geregtig te wees sal Vrydag, 28 September 2012 wees. Die aandele sal op Maandag, 1 Oktober 2012, ex die dividend begin verhandel.

Aandelesertifikate mag nie tussen Maandag, 1 Oktober 2012 en Vrydag, 5 Oktober 2012, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

**Vir en namens die Direksie**
**A Ambor (Uitvoerende Voorsitter)**
**P van Tonder (Hoof Uitvoerende Beampte)**

**Kaapstad**
**5 September 2012**

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| R'000 | Nagegaan jaar geëindig 30/06/12 | Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11 | % verandering |
|---|---|---|---|
| **inkomste** | **503 444** | **403 396** | **24.8** |
| Bedryfswins voor finansleringsinkomste | **168 936** | 111 969 | 50.9 |
| Netto finansleringsinkomste | **6 164** | 4 861 | |
| **Wins voor inkomstebelasting** | **175 100** | 116 830 | 49.9 |
| Inkomstebelasting uitgawe | **(60 718)** | (48 742) | |
| **Wins vir die jaar** | **114 382** | **68 088** | **68.0** |
| **Ander omvattende inkomste/(verliese):** | **3 679** | 860 | |
| Wisselkoers verskille op die vertaling van buitelandse bedrywighede | **(3 603)** | 2 406 | |
| Wisselkoers wins/(verlies) op netto beleggings in buitelandse bedrywighede | **9 774** | (2 075) | |
| Inkomstebelasting op wisselkoers (wins)/verlies op netto beleggings in buitelandse filiale | **(2 492)** | 529 | |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **118 061** | **68 948** | **71.2** |
| **Wins/(verliese) toeskryfbaar aan:** | | | |
| Eienaars van die maatskappy | **113 884** | 70 789 | **60.9** |
| Nie-beherende belang | **498** | (2 701) | |
| **Wins vir die jaar** | **114 382** | **68 088** | **68.0** |
| **Totale omvattende inkomste/(verliese) toeskryfbaar aan:** | | | |
| Eienaars van die maatskappy | **118 208** | 71 648 | |
| Nie-beherende belang | **(147)** | (2 700) | |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **118 061** | **68 948** | **71.2** |
| Per aandeel (sent) | | | |
| Basiese verdienste | **130.71** | 80.65 | 62.1 |
| Verwaterde verdienste | **130.34** | 80.37 | 62.2 |

## REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **113 884** | **70 789** | **60.9** |
| Wesensverdienste aanpassings:: | | | |
| Verlies/(wins) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting (netto van belasting) | **41** | (1 147) | |
| Waardedalings van eiendom, aanleg en toerusting | **-** | 11 169 | |
| Waardedalings van klandisiewaarde | **1 564** | 4 948 | |
| Winskoopwins | **(3 694)** | - | |
| **Wesensverdienste** | **111 795** | **85 759** | **30.4** |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| R'000 | Nagegaan op 30/06/12 | Geouditeerd op 30/06/11 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **417 552** | **371 486** |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **73 492** | 70 387 |
| Ontasbare bates en klandisiewaarde | **320 986** | 281 477 |
| Beleggings en lenings | **8 818** | 5 857 |
| Uitgestelde belasting | **7 776** | 11 967 |
| Bedryfshuurregte | **1 826** | 1 798 |
| Afgeleide finansiële bates | **4 654** | - |
| **Bedryfsbates** | **186 462** | **184 477** |
| Voorraad | **10 304** | 5 621 |
| Belasting ontvangbaar | **5 488** | 4 410 |
| Handels- en ander debiteure | **71 866** | 58 480 |
| Kontant en kontantekwivalente | **98 804** | 115 966 |
| **TOTALE BATES** | **604 014** | **555 963** |
| **EKWITEIT** | | |
| **Totale ekwiteit** | **425 606** | **408 236** |
| Gewone aandelekapitaal | **1** | 1 |
| Aandelepremie | **6** | 6 |
| Aandele teruggekoop deur filiaal maatskappye | **(60 510)** | (38 941) |
| Buitelandse valuta-omskakelingsreserwe | **54** | (4 270) |
| Behoue verdienste | **490 815** | 450 507 |
| Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy | **430 366** | 407 303 |
| Nie-beherende belang | **(4 760)** | 933 |
| **AANSPREEKLIKHEDE** | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **80 578** | **73 090** |
| Langtermynlenings betaalbaar | **446** | 2 923 |
| Werknemersvoordele | **4 520** | 555 |
| Afgeleide finansiële laste | **-** | 2 627 |
| Bedryfshuurverpligting | **6 564** | 6 531 |
| Uitgestelde belasting | **69 048** | 60 454 |
| **Bedryfslaste** | **97 830** | **74 637** |
| Oortrokke bankrekening | **1 854** | 2 256 |
| Belasting betaalbaar | **6 052** | 6 622 |
| Handels- en ander krediteure | **89 004** | 65 147 |
| Andeelhouers vir dividend | **920** | 612 |
| **TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | **604 014** | **555 963** |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| R'000 | Nagegaan jaar geëindig 30/06/12 | Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11 |
|---|---|---|
| Bedryfswins voor bedryfskapitaalveranderinge | **171 060** | 144 655 |
| Bedryfskapitaalveranderinge | **6 378** | 2 631 |
| Kontant deur bedrywighede voortgebring | **177 438** | 147 286 |
| Netto rente ontvang | **6 164** | 4 861 |
| Belasting betaal | **(58 578)** | (41 149) |
| Uitkerings betaal | **(65 108)** | (54 785) |
| **Netto Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite** | **59 916** | 56 213 |
| **Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite** | **(72 122)** | **(23 567)** |
| **Kontantvloei van finansieringsaktiwiteite** | **(4 652)** | 48 |
| **Netto beweging in kontant en kontantekwivalente** | **(16 858)** | **32 694** |
| Effek van wisselkoersveranderinge | **98** | (16) |
| Netto kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **113 710** | 81 032 |
| **Netto kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar** | **96 950** | **113 710** |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

| R'000 | Gewone aandelekapitaal en aandelepremie (netto van tesourie aandele) | Ander reserwes | Behoue verdienste en nie-beherende belang | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| **Saldo op 1 Julie 2010** | (29 903) | (5 129) | 438 327 | 403 295 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | - | 859 | 68 089 | 68 948 |
| Wins vir die jaar | - | - | 68 088 | 68 088 |
| Ander omvattende wins | - | 859 | 1 | 860 |
| **Transaksies met eienaars, direk getoon in ekwiteit** | | | | |
| **Bydraes deur en uitkerings aan eienaars** | (9 031) | - | (54 997) | (64 028) |
| Uitkerings aan aandeelhouers | - | - | (54 298) | (54 298) |
| Impak van aansporingskema (insluitende belasting) | - | - | (699) | (699) |
| Koop van eie aandele | (9 031) | - | - | (9 031) |
| **Verandering van belange in eienaarskap van filiaalmaatskappye wat nie 'n verlies in beheer tot gevolg het nie** | - | - | 21 | 21 |
| Verkryging van nie-beherende belang in filiaalmaatskappy | - | - | 21 | 21 |
| **Totale transaksies met eienaars** | (9 031) | - | (54 976) | (64 007) |
| **Saldo op 30 Junie 2011** | (38 934) | (4 270) | 451 440 | 408 236 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | - | **4 324** | **113 737** | **118 061** |
| Wins vir die jaar | - | - | **114 382** | **114 382** |
| Ander omvattende inkomste | - | **4 324** | **(645)** | **3 679** |
| **Transaksies met eienaars, direk getoon in ekwiteit** | | | | |
| **Bydraes deur en uitkerings aan eienaars** | **(21 569)** | - | **(65 416)** | **(86 985)** |
| Uitkerings aan aandeelhouers | - | - | **(65 416)** | **(65 416)** |
| Impak van aansporingskema (insluitende belasting) | **(5 799)** | - | - | **(5 799)** |
| Koop van eie aandele | **(15 770)** | - | - | **(15 770)** |
| **Verandering van belange in eienaarskap van filiaalmaatskappye wat nie 'n verlies in beheer tot gevolg het nie** | - | - | **(13 706)** | **(13 706)** |
| Verkryging van nie-beherende belange in filiaalmaatskappye | - | - | **(13 706)** | **(13 706)** |
| **Totale transaksies met eienaars** | **(21 569)** | - | **(79 122)** | **(100 691)** |
| **Saldo op 30 Junie 2012** | **(60 503)** | **54** | **486 055** | **425 606** |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BEDRYFSEGMENTVERSLAG

| R'000 | Nagegaan jaar geëindig 30/06/12 | Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11 | % verandering |
|---|---|---|---|
| **Eksterne inkomste** | | | |
| Vervaardiging en distribusie (verwys voetnota a) | **142 821** | 109 043 | 31.0 |
| Konsessie - Spur | **155 433** | 137 004 | 13.5 |
| Konsessie - Panarottis | **12 952** | 11 526 | 12.4 |
| Konsessie - John Dory's | **11 092** | 9 782 | 13.4 |
| Konsessie - DoRego's | **2 498** | - | |
| Ander Suid-Afrika | **34 395** | 19 710 | 74.5 |
| **Totale Suid-Afrikaanse segmente** | **359 191** | 287 065 | 25.1 |
| Ongeallokeerd - Suid-Afrika | **205** | 39 | |
| **Totaal Suid-Afrika** | **359 396** | **287 104** | **25.2** |
| Verenigde Koninkryk | **81 631** | 65 936 | 23.8 |
| Australië | **53 140** | 43 464 | 22.3 |
| Ander Internasionaal | **9 277** | 6 892 | 34.6 |
| **Totale Internasionale segmente** | **144 048** | **116 292** | **23.9** |
| **TOTALE EKSTERNE INKOMSTE** | **503 444** | **403 396** | **24.8** |
| **Wins/(verlies) voor inkomstebelasting** | | | |
| Vervaardiging en distribusie (verwys voetnota a) | **55 662** | 49 633 | 12.1 |
| Konsessie - Spur | **136 447** | 118 712 | 14.9 |
| Konsessie - Panarottis | **7 866** | 6 837 | 15.1 |
| Konsessie - John Dory's | **5 818** | 4 543 | 28.1 |
| Konsessie - DoRego's | **928** | - | |
| Ander Suid-Afrika | **1 427** | (896) | |
| **Totale Suid-Afrikaanse segmente** | **208 148** | 178 829 | 16.4 |
| Ongeallokeerd - Suid-Afrika (verwys voetnota b) | **(36 445)** | (34 022) | (7.1) |
| **Totaal Suid-Afrika** | **171 703** | **144 807** | 18.6 |
| Verenigde Koninkryk (verwys voetnota c) | **694** | (27 688) | |
| Australië (verwys voetnota d) | **(682)** | (1 279) | 46.7 |
| Ander Internasionaal | **5 305** | 5 226 | 1.5 |
| **Totale Internasionale segmente** | **5 317** | (23 741) | |
| Ongeallokeerd - Internasionaal (verwys voetnota e) | **(1 920)** | (4 236) | 54.7 |
| **Totaal Internasionaal** | **3 397** | **(27 977)** | |
| **TOTALE WINS VOOR INKOMSTEBELASTING** | **175 100** | **116 830** | **49.9** |

VOETNOTAS:

(a) Sluit inkomste van R23.485 miljoen en wins voor belasting van R0.948 miljoen ten opsigte van die DoRego's-verspreidingsentrum vir die huidige jaar in. (verwys na aantekening 2).

(b) Sluit 'n debiet ten opsigte van kontantvereffende aandeelgebaseerde betalings van R3.965 miljoen (2011: R0.555 miljoen) en 'n billikewaarde-wins ten opsigte van 'n verbandhoudende skans van R7.479 miljoen (2011: billikewaarde-verlies van R2.627 miljoen) in. Ingesluit is ook 'n winskoopwins met die verkryging van DoRego's ten bedrae van R3.694 miljoen (verwys na aantekening 2) en regskoste van R3.171 miljoen met betrekking tot die geskil met die voormalige minderheidsaandeelhouer van John Dory's Franchise (Pty) Ltd in die huidige jaar (verwys na aantekening 3) en 'n kapitaalwins met die verkoop van 'n eienaargeokkupeerde gebou van R1.205 miljoen in die vorige jaar.

(c) Die vorige jaar sluit waardedalingsverliese van R13.534 miljoen ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting en R4.948 miljoen ten opsigte van klandisiewaarde in.

(d) Sluit 'n waardedaling van klandisiewaarde ten bedrae van R1.564 miljoen in.

(e) Sluit 'n valutawins van R2.288 miljoen (2011: verlies van R0.794 miljoen) in.

## BYKOMENDE INLIGTING

| | Nagegaan jaar geëindig 30/06/12 | Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11 | % verandering |
|---|---|---|---|
| Uitgereikte aandele (000'e)* | **86 256** | 87 214 | |
| Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e) | **87 124** | 87 777 | |
| Verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e) | **87 377** | 88 084 | |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | **128.32** | 97.70 | 31.3 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | **127.95** | 97.36 | 31.4 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **493.42** | 468.09 | 5.4 |
| Dividend per aandeel (sent) | **87.00** | 66.00 | 31.8 |

* Aandele uitgereik min aandele teruggekoop deur beide 'n volfiliaal maatskappy en aandele aansporingstrust.

## AANTEKENINGE

1. **Oorsigverslag** - Die gekonsolideerde staat van die finansiële posisie op 30 Junie 2012 en die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste, die staat van veranderings in ekwiteit, bedryfsegmentverslag en staat van kontantvloei vir die jaar dan geëindig is deur KPMG Ing. nagegaan. Hulle onveranderde gevolgtrekking verslag is beskikbaar vir insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

   **Grondslag van Voorbereiding** - Die finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 is opgestel in ooreenstemming met die erkennings en metings beginsels van Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde ("IFVS"), die aanbieding en openbaarmakingsvereistes van IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die AC 500 Standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 2008 en die Johannesburgse Effektebeurs se noteringsvereistes. Die rekeningkundige beleid en metodes van berekening toegepas in die voorbereiding van hierdie finansiële state is in ooreenstemming met IFVS en is in oreenstemming met dié wat toegepas is in die voorbereiding van die groep se jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2011.

2. Met ingang van 1 Maart 2012 het die groep die DoRego's-kitskosrestaurant-konsessiebesigheid en verspreidingsentrum besighede verkry. Die koopsom vir die besigheid was R30.0 miljoen (wat 'n voorwaardelike koopsom van R5 miljoen gebaseer op winsteikens insluit) en 'n verdere R4.4 miljoen vir verspreidingsentrumvoorraad op die effektiewe datum insluit. Die koopsom, uitgesluit die voorwaardelike koopsom, is in kontant vereffen. Die billike waarde van die identifiseerbare netto bates verkry (na aftrekking van uitgestelde belasting) was R37.9 miljoen op die effektiewe datum, wat 'n winskoopwins van R3.7 miljoen tot gevolg het. Vanaf die effektiewe datum van die verkryging tot 30 Junie 2012 het die besighede 'n wins voor belasting van R1.9 miljoen bygedra.

3. Ingevolge 'n skikkings-ooreenkoms wat tussen die groep en die Kapsimalis Familietrust (wat 'n 35%-belang in die filiaal John Dory's Franchise (Pty) Ltd ("John Dory's") besit het) gesluit is, het die groep die oorblywende 35%-belang in John Dory's met ingang van 25 Januarie 2012 vir die som van R12.25 miljoen verkry. Ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE word die transaksie as 'n klein-verwanteparty-transaksie beskou. Die bepalings van die verkryging, vir sover dit die maatskappy se aandeelhouers betref, is billik geag deur 'n onafhanklike professionele deskundige. Verwys na die SENS-handelsverklarings van 7 Maart 2012 en 26 Januarie 2012 vir meer besonderhede.

**Direkteure**

**Uitvoerende Voorsitter:** A Ambor
**Hoof Uitvoerende Beampte** P van Tonder
**Uitvoerend:** M Farrelly, R van Dijk
**Nie-uitvoerend:** K Getz, D Hyde, M Kuzwayo, K Madders MBE (British), M Morojele
**Maatskappysekretaris:** R van Dijk

**Spur Corporation Beperk (Registrasienommer 1998/000828/06)**

Share code: SUR ISIN: ZAE000022653

**Geregistreerde Kantoor:** 14 Edison Way, Century Gate Business Park, Century City, 7441
**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
**Borg:** Sasfin Capital ('n Afdeling van Sasfin Bank Bpk)

**Ons Handelsmerke**

www.spurcorporation.co.za

Steak Ranches A taste for life · Panarottis Pizza Pasta Big on Family. Big on Pizza. · John Dory's Fish·Grill·Sushi · DoRego's It's all good!

20034s/FYEJune12/Afr